**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

SAAKNOMMER: 26514/2010

DATUM: 27 OKTOBER 2011

In die saak tussen:

**ABSA BANK** Appellant

en

**RELMAR INVESTMENTS** Respondent

---

## U I T S P R A A K

**HENNEY, R**:

In die saak van Absabank, die applikant, en Relmar Investments (Edms) Beperk, die respondent, is daar 'n bede dat respondent finaal gelikwideer word. Daar was alreeds 'n voorlopige bevel toegestaan. Voor die bevel finaal gemaak was, was daar 'n aansoek gewees vir die verlenging van die bevel *nisi,* en het die respondent die aansoek geopponeer. Die bevel was vroeër hierdie jaar deur Traverso, ARP gemaak. Die finale bevel vir die likwidasie van die maatskappy is toe later geopponeer.

Ek is van oordeel dat op die stukke die respondent nie 'n behoorlike saak uitgemaak het oor waarom die finale bevel nie toegestaan moet word nie. Dit is so dat die respondent nie eens in staat is om sy skulde te betaal nie. Daar is al ~~verskeie~~ vonnisse meer as 'n jaar gelede teen die respondent verleen. Die respondent se argument dat hy deur 'n verteenwoordiger van die applikant belowe was dat daar werkskapitaal aan hom verskaf sal word wat nie eerbiedig was nie en as gevolg hiervan die maatskappy in 'n posisie geplaas was om nie behoorlik besigheid te dryf nie, omdat die belofte nie nagekom is nie, was deur die applikant ontken. In elk geval, dit was nooit aangevoer as 'n verweer in 'n verstekvonnis aansoek en ook in 'n summiere vonnis aansoek deur die respondent teen die applikant in hierdie hof wat hierdie likwidasie aansoek voorafgegaan het nie.

Derhalwe word die bevel dat die respondent gelikwideer word finaal toegestaan met koste in likwidasie.

HENNEY, R